# KOERSVAS

Jaargang 8 Uitgawe 182 18 September 2020


In hierdie uitgawe:


Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings


**REDAKSIONEEL**

**Die morele hoë (af)grond**

In 1900 was die lewensverwagting van die gemiddelde mens wêreldwyd dertig jaar gewees. Lewensverwagting verwys na standaard van lewe en die gemiddelde ouderdom van die bevolking. Die vordering met gesondheid en ander faktore het die getal teen 2016 opgestoot na sewentig jaar (72.6) wêreldwyd. Nie alle volke en bevolkings het dieselfde lewensverwagting nie. Die verskil tussen lande kan die beste illustreer word deur te wys op die verskil tussen Sentraal Afrika (52.8 en) Japan (84.5). Dit is meer as net geografie wat 'n rol speel. Lesotho (lewensverwagting - 53.7 jaar) en RSA (lewensverwagting - 63.9 jaar) is bure en tog is daar 'n verskil in lewensverwagting. Hierdie verwagting groei nie altyd nie. Dit kan weens omstandighede afwaarts aangepas word (mense kan dalk nie so lank lewe nie), die RSA se lewensverwagting vir persone gebore 2006 tot 2013 word op 'n lewensverwagting van 57.11 jaar (amper sewe jaar minder) geprojekteer deur die Verenigde Nasies.

Dit is nie net die lewensduur van die mens wat verbeter het nie. Die lewensgehalte het ook verbeter danksy onwikkellinge rondom dinge soos sanitasie en elektrisiteit. Dit is nie vergesog om te wil beweer dat die gemiddelde huishouding onder ons volk 'n beter gehalte van lewe het nie, as wat die adellikes in die 19e eeu gehad het. Ontwikkeling in tegnologie lei daartoe dat die gemiddelde mens oor tegnologie beskik wat hy nooit behoorlik sal kan benut nie. Ons slimfone byvoorbeeld, beskik oor meer geheue en rekenkrag as wat beskikbaar was toe die eerste mense na die maan gestuur is. Dit is nie sonder rede nie dat ons hoor; voordat jy vir my sê dat iets onmoontlik is, onthou daar is spore op die maan.

Net omdat ons beter af is as vorige geslagte, beteken dit nie dat die mensdom in alle opsigte beter is as hulle voorgangers nie. Ons verwar so maklik voortgang met vooruitgang, vordering met verbetering. Hierdie waarheid is nêrens van groter belang as wanneer dit kom by ons morele denke nie. Die beter en langer lewe wat mense het - sou mens wou dink - moet immers lei tot meer deurdagte optrede en die handhawing van hoër morele

standaard. Die teendeel is baie duidelik uit dit wat ons rondom ons sien. Die huwelik is op die grens van afsterwe, moraliteit rakende seksualiteit bestaan haas nie, mense jaag geld na ten koste van ander en eie saligheid. Die lys is eindeloos. Dit maak die volgende opmerking des te meer ironies: Daar is 'n hele groep in die samelewing wat hulself as van beter morele stoffering ag as vorige geslagte. Dit is diegene wat vandag se standaarde op gister toepas. Dink maar aan slawerny en rassisme. Dit is dwaas om vandag se verstaan van die twee temas te gebruik om 'n morele oordeel te fel oor vorige geslagte se optredes in die verband.

Elke geslag het sy eie uitdagings en dit is onregverdig om ander te veroordeel op grond van eie insigte en denkhorisonne nie. Slawerny en slawe-handel was vir millennia deel van die samestelling van die mensdom. Daar is vandag nog sluikhandel met mense, met ander woorde slawerny. Daar word geraam dat daar vandag meer as veertig miljoen slawe is, die meeste daarvan vroue en kinders. Om vanuit die hoë kerktorings uitsprake hieroor te maak, wys op onkunde en misplaaste eiegeregtigheid. Vreemd genoeg word hierdie optrede nie deur die polities korrekte militariste gebruik nie.

Beweerde rassisme aan die ander kant, word wyd gebruik om teenstanders "op hulle plek te sit", sonder om konteks en kompleksiteit in ag te neem. Ons kan ander dag weer gesels oor die manipulasie van mense deur die gebruik van sekere terme. Vandag val die fokus op by die fatale flater begaan van vorige geslagte veroordeel, terwyl die eie situasie geensins beter is nie, maar slegs 'n veranderde-perspektief reflekteer. Die blindheid vir die eie situasie - die balk in eie oog - blyk duidelik in die herdefinisie wat nodig word om steeds die rassisme kwas listig te gebruik; tot op die punt waar daar nou gepraat word van die "onmoontlikheid" van swart mense om rassiste te wees! Daarmee saam kom 'n groter-wordende woede oor al hoe kleiner sake.

Ons is nou by die punt waar ons 'n groot storm in die haredos belewe omdat 'n advertensie volgens sekere sensitiwiteite diskrimineer. Die geweld en woorde-woede wat gebruik is om 'n eie standpunt af te forseer gee aanstoot. Daar is baie faktore wat hierdie mikro smartstorm aangeblaas het. Die eiegeregtigheid en eiewaan rakende morele verhewenheid is beslis een van die faktore. Die (vermeende) vergrype van die verlede span hartlik saam in rede gee aan 'n waan van morele hoë (af)grond beset.

Net omdat daar reuse spronge was en sal wees in menslike ontwikkeling, is dit geen waarborg van ontwikkeling in moraliteit nie. Die geskiedenis skimp eerder dat daar morele verval plaasvind in die samelewing wat vooruitstrewend is. Dit is gevaarlik om uit ontwikkeling 'n eie superioriteit ten opsigte van morele sake te veronderstel. Die uitlope van so 'n benadering is die versekering dat die volgende geslag dieselfde gaan doen en vandag se morele vergrype oningelig konteksvry sal veroordeel.

Laaste woorde: laat die een sonder sonde die eerste klip gooi.

# BERIGTE EN KENNISGEWINGS

## BEROEP ONTVANG

Dominee Johann Mouton het 'n beroep na Bloemfontein ontvang. Ons bid hom, sy gesin en die gemeente leiding toe in hierdie tyd van besluitneming.

## HULP AAN VOLKSGENOTE

Laaste plasing: Volkshulp2000 en die **Vlinderfonds** wat albei volksgenote - ons mense - in nood help, het 'n ongekende toestroming in die laaste week ervaar van mense wat nie kos het nie en terselfdertyd het hulle skenkings van kos en geld in hierdie tyd opgedroog omdat skenkers ook sukkel. Die nood is geweldig hoog. Enige hulp en bydraes wat u kan gee vir hulp aan behoeftige en honger blanke mense in hierdie tye sal waardeer word. Kontak asseblief Corrie du Plessis by Volkshulp2000 (082-682-7454, 012-755 - 8201) en Renette du Plessis (082-896-8906 lepl@mweb.co.za ).

Ons gee ook die bankbesonderhede.

**Vlinderfonds**

Bankrekening Standard bank.

Rek nommer: 271240490. Verwysing nommer: 01544556342. (U moet asseblief hierdie verwysing gebruik)

**Volkshulp2000**:

ABSA rek no 0010176514

(Takkode 632005)

## BONDSVERGADERING

Die Agenda is aan gemeentes versend. Kerkrade moet hu;;e van die inhoud vergewis en dan na vergadering 'n besluit neem aangaande die oudit-verslag. Volgende jaar se vergadering is DV volle vergadering by Stilfontein gemeente.

## DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk
  ella@teamworkprinters.com